OUTENIQUASTRAND EN BOOMPIES 2004 – 2015

Namate ek ouer geword het en 'n paar teleurstellings te bowe moes kom, het ek agtergekom dat die ware vreugdes van die lewe nie is hoeveel materiële dinge jy deur die jare vergader het nie, maar dat jy elke dag wat die Here op daardie stadium van jou lewe jou gun en dit waarmee Hy jou seën, moet waardeer en geniet. Daarom was ek en Johanna se lewens, nadat ons aan die einde van 2004 Outeniquastrand toe verhuis het, net 'n groot vreugde. Ons kon ons uitleef ten spyte van 'n paar kleiner turbulensies en uitdagings weens trauma en operasies wat steeds oor beide van ons paaie sou kom !

Die inrig van ons gastehuis was vir my 'n groot uitdaging en die suksesvolle uitkoms daarvan het vir my baie bevrediging gegee. Ook dat ek in 'n relatief kort tydjie heelwat werk met teater assistensies by my kollegas in George Mediclinic gekry het, was vir my 'n inspirasie. Ek het onder baie aangename omstandighede saam met oud klasmaats, oudstudente en die teaterpersoneel daar gewerk. Ek het welkom daar gevoel en daar was 'n aangename gees en kameraderie waar ek gewerk het. Soos dit maar gaan, het ek vir verskeie van my kollegas met operasies op bekende persone wat in ons omgewing kom werk het, en hier afgetree het, assisteer ! Dit was 'n voorreg om hulle, baie wat ek van my skooldae onthou het, te kon ontmoet.

Ek het die statusbewuste milieu van die akademiese instelling waarvandaan ek gekom het glad nie gemis nie. Inteendeel, ek het besef dat ek aan niemand op hierdie wêreld meer hoef te rapporteer nie en dat niemand ook aan my hoef te rapporteer nie ! Ek het dit al hoe meer ervaar wat dit beteken het om 'n vrygees te wees ! Alhoewel dit tyd geneem het, omdat ons deur die jare van kleins af geprogrammeer was om mee te ding, te moet presteer, wat die moets en die moenies in die lewe is en dat ons gedurig onder iemand se oog was en dat daar altyd iemand was aan wie jy moes verslag doen. Soos die tyd aangegaan het, het ek dit ontgroei het, was dit nie meer die geval nie en het ek bevry gevoel !

Ek en Johanna was bevoorreg dat dit so uitgewerk het dat ons 'n huis by die see gehad het waarheen ons kon terugkeer en wat ons as 'n klein gastehuis kon inrig en bedryf. Dit was vir Johanna baie lekker en sy het dit met oorgawe gedoen en kon haar weer in haar eie tuin uitleef ! Ek weer kon meer as tien jaar steeds in 'n professionele hoedanigheid werk, wat my baie bevrediging gegee het en ook weer baie geleer het. Johanna het altyd gesê die Here het die lekkerste vir ons vir laaste gehou !

Ons het baie vriende gehad wat ons vroeër tydens ons vakansies by die see leer ken het of permanent in die omgewing gebly het. Baie van ons ou vriende wat ons deur die jare leer ken het en vir ons kom kuier het, het ook later eiendom in ons omgewing gekoop en later hier kom aftree. So het ons ook húlle bure leer ken en ons het weer 'n groot vriendekring opgebou.

Lientjie Philips, Mickey Gerber, Johanna, Barney en Antisia de Villiers en Riaan Philips, oud-kollegas van die Fakulteit Geneeskunde, het vir ’n naweek kom kuier

Dit het later 'n instelling geword dat ons Woensdae aande by De Dekke restaurant gaan eet het. Daar was plaaslike sangers wat met "back tracks" gunstelinge van die 60's tot 80's en nuwer gewilde liedjies gesing het. Ons het soms selfs ook 'n bietjie gedans. Johanna was altyd lief vir 'n pizza en ek het 'n "surf en turf" bestel. Toe Charl en Marietjie in 2008 Kleinbrakrivier toe getrek het, het hulle ook gereeld by ons aangesluit. So ook Anton en Barbara Gericke, wat ons deur Johanna en Barbara se kraam opleiding in Tygerberg hospitaal ontmoet het en groot vriende geword het. Hulle is later Pretoria toe maar ons het steeds kontak gehou en hulle het ook later in hulle huis hier in Hersham kom aftree. En dan was daar baie ander "locals" wat ons op dié aande ontmoet het ! Die bestuurder van die aandskof was Mike. Ons het hom goed leer ken en hy het ons altyd baie welkom laat voel. So gaan dit as 'n mens in 'n "village" bly met sy eie "tavern", waar almal bymekaarkom en lekker saam kan kuier.

Ons het heelwat bure gehad wat ook permanent op Outeniquastrand gebly het. Aanvanklik toe ons na Outeniquastrand toe getrek het het Maureen van den Heever net langs ons gebly. Haar man, oom Fritz, wat ons baie goed leer ken en geniet het tydens ons vakansies daar, was toe reeds oorlede. Aan die anderkant langs ons het Dawie en Annetjie Strijdom en hulle dogter Lientjie gewoon, wat vroeër van Johannesburg was. Oorkant die straat het Toy en Sallie Horn gebly. Hulle het vroeër in die Lichtenburg distrik geboer. Skuins oorkant ons straat het Johan en Mareleen Erasmus gewoon en langs hulle Esther Potgieter. Reg voor ons het Martin Keyser en sy suster Valerie en hulle gesinne van Johannesburg, 'n vakansiehuis gehad en skuins voor ons Tar en Susan Eloff van Pretoria. Tar-hulle het die Glentana winkel en restaurant oorgeneem en baie verbeter, totdat dit vroeg in Augustus 2006 tydens 'n vloed in Glentana verspoel het en inmekaar gesak het.

Op 1 Augustus 2006 was daar 'n groot vloed in Glentana wat die fondasies van die Glentana kafee en die parkeerarea voor dit weggespoel het

Elke dag, en dit wat ons in ons omgewing kon doen, was vir ons baie lekker. Ons het ons omgewing ook al hoe meer verken en mooi plekke saam met vriende besoek. Veral saam met Robbie en Maude Guthrie, wat ons ontmoet het aan die einde van 2004. Robbie het met 'n rekenaarprogram verwerkings vir landmeters gedoen, wat dorpsontwikkelings opgemeet het. Hulle het hulle data per e-pos aan hom gestuur en hy het dan die verwerkings gedoen en dit weer per e-pos aan hulle teruggestuur. Hy kon dus sy kantoor enige plek in Suid Afrika inrig. Robbie het Parkinson se siekte gehad en omdat daar op George 'n groep, bekend as Q-Dot was, wat middelproewe op nuwe medikasies vir Parkinson se siekte gedoen het, het hulle op Outeniquastrand naby George kom woon, sodat hy aan daardie projek kon deelneem. Robbie was ook baie lief vir hengel en daarom het dit hom gepas om naby die see te kom woon.

Nadat ons gastehuis klaar ingerig was, was ons seun Johann nog nie aan die begin van 2005 gereed om weer terug te gaan universiteit toe nie. Robbie het hom toe in diens geneem om hom te help met sy data verwerkings. Dit was net 'n paar huise van ons in die straat af. Hulle het baie vir Johann gedoen en beteken om weer sý selfvertroue te herwin van die siekte wat hy by my en ons familiestamboom geërf het. So het ek en Robbie en Johanna en Maude baie groot hartsvriende geword. Ons ontdek toe dat Robbie vroeër by 'n firma in Pretoria gewerk het vir wie my broer, Francois, rekenaar sagteware ontwikkel het, juis vir hulle data verwerkings van landmeters en dat hulle mekaar goed geken het. Om die waarheid te sê, het Francois-hulle in Pretoria 'n Bulhond reun by Robbie en Maude gekoop. Ons het toe al lank reeds vir Matewis geken, vóór ons ook vir Robbie en Maude ontmoet het !

Robbie en Maude het 'n erf op Danabaai, net langs Mosselbaai, besit en het later hulle eie huis daar gebou. Ons het steeds goeie vriende gebly en het dikwels oor naweke daar gaan kuier en sommer dan die Saterdagaand daar oorgeslaap. So het hulle ook vir ons weer oor naweke op Outeniquastrand kom kuier en vir die aand oorgebly.

In Januarie 2014 het Robbie ontdek dat sy PSA telling baie hoog was. 'n MRI ondersoek het getoon dat hy reeds stadium 4 prostaat kanker gehad het, ten spyte daarvan dat hy nooit enige simptome in dié verband ervaar het nie. Dit was vir ons almal 'n groot skok. Hulle het intussen reeds besluit om hulle huis op Danabaai te verkoop en terug te keer na Limpopo, waar meeste van hulle kinders in Louis Trichardt en Musina gewoon het. Hulle het aanvanklik ook vir omtrent vier maande by Tshipise gaan kampeer en die lewe geniet. Ons het hulle in Junie 2014 daar besoek.

Aan die begin van 2015 het Robbie se gesondheid begin agteruitgaan. Hy en Maude het toe reeds na Louis Trichardt toe getrek en in 'n huurhuis gaan woon. Ons het gereelde kontak met hulle gehad.

Middel Maart het ek vir Johanna gesê dat ons liewer per vliegtuig na Johannesburg toe moet gaan en 'n motor moes huur na Louis Trichardt en terug, om vir Robbie en Maude te gaan kuier en vir Robbie te gaan groet, eerder as om later na sy begrafnis te moet gaan. Ons het dit toe in die laaste week in Maart gedoen ! Ons het vir 'n week kwaliteit tyd saam met Robbie en Maude spandeer. Ek het elke aand vir ons gebraai, waarvoor Robbie so lief was. In die dag wanneer hy gerus het, het ek sommer net op die bed langs hom gaan lê. Die laaste naweek is ons na 'n wildsplaas naby All Days. Ons het tuisgegaan in Bungalows langs 'n watergat met seekoeie. Ons het op 'n dek gebraai en vir die seekoeie gekyk en ek weet dit was vir Robbie baie lekker. Dit is wat hy toe wou gedoen het !

Ons moes groet en ek het 'n laaste foto van Robbie en Maude geneem voor ons gery het. Ons was baie hartseer om te gaan en ons het geweet dat ons hom nie weer sou sien nie ! Maar ons het geweet dat Robbie op pad is na sy Vaderhuis. Ons groot vriend, Robbie, is ongeveer twee weke later op 12 April 2015 in die hospitaal in Louis Trichardt, met Maude en al sy kinders en kleinkinders by hom, wat hom kom groet het, oorlede. Vooraf het hy met elke kind en gesin persoonlik gesels en aan elkeen nagmaal bedien. Nadat hy met elke kind en hulle gesinne gepraat het, het hy gevra dat hy asseblief alleen met Maude wou wees. Hy het haar bedank dat sy so getrou vir hom met sy Parkinson's se siekte vir soveel jare bygestaan het. Hy het besef dat dit haar seker ingeperk het en omdat sy so 'n vrygees was, wou hy hê dat as hy nou oorstap na sy Hemelse Vader, dat sy terwyl sy nog hier op aarde is, soos 'n vrygees moet vlieg en haar ongebonde moet uitleef ! Daarna is Robbie op 12 April 2015 oorlede.

Ek en Johanna eer steeds sy nagedagtenis en dink baie, ook met baie heimwee en ook met humor, terug aan Robbie, wat so 'n groot plek vir bietjie meer as 11 jaar in ons lewens kom inneem het ! Ten spyte van sy beperking weens Parkinson's se siekte, het Robbie voluit geleef en alles saam met Maude, sy kinders en ook ons gedoen. Hy was altyd daar by al die toere en ekskursies. Toe hy die nuus gekry het van sy prostaatsiekte, het hy pragmaties die res van sy lewe ingerig en dit wat vir hom nog oor was geniet. Sy geloof in sy Skepper het nooit getaan nie en tot op die einde was hy vir ons almal 'n voorbeeld. Ons eer sy nagedagtenis !

Ons laaste sien van Robert Guthrie. Ons hartsvriend !

Robert Guthrie

02/10/1950 – 12-04-2015

Ons liefste pappa, oupa en mams se engel.

Ons gaan jou so verskriklik mis. Jy was vir elkeen van ons 'n voorbeeld en 'n rolmodel. Jy het ons geleer van reg en verkeerd. Jy het elkeen met wie jy in aanraking gekom het se lewens geraak. Jy is so 'special' vir ons. Dankie dat jy ons gelei het en vir ons gebid het en vir ons geleer het van die Here. Dankie dat jy elke kind en kleinkind so spesiaal laat voel het. Dankie dat jy so lief was vir mamma. Ons harte is stukkend om jou te groet, maar ons is dankbaar dat jy vir ons sulke kosbare 'memories' agtergelaat het. Jy is 'n 'legend'. Ons dank die Here dat ons deel kon wees van jou lewe. Ons is ongelooflik lief vir jou.

Maudie, Robba, Arras, Markie, Karen, Zetta, TE, Uriets, Angelique, Robsie, Christiani, Lua, Dillan, Lilly en TE.

ROBERT GUTHRIE (Aangepas met apologie aan Jan F E Cilliers)

Stil, broers,
daar gaan 'n man verby,
hy groet,
en dis verlaas.
Daar's nog maar één soos hy;
bekyk hom goed.

Die oog,
nou dof en weggesink,
soos vuurvonk kon hy blink -
die arendsblik.
Die stap en krag gebaar
is nou bedaar.

Gewis!
En soos hy ons s'n was
en is.

Al is die oog verswak,
hy kyk nog fier omhoog
in jou soos in sy God se oog.
Al stap hy krom geknak
en afdraand af,
al klop die hart al flou:
soos altyd is nog nou
elk stap en hartslag trou
tot in sy graf.

En hierdie pure man is
ons man, pa, oupa en vriend.
Wat vrees ons dan?
Geseën sal wees
die grond, die bloed, die vlees
wat sulke vrugte dra.
In ons is steeds Robert se getuienis gees
Voortwaarts moet ons gaan
Tot ook ons kans eendag **ook daar sal wees**

Ons sien Maude nog gereeld met haar besoeke aan ons hier by Groenkloof Reebok. Ons sou haar gedurende Augustus en September 2018 in Limpopo weer besoek het in die tyd wat ek ons vyf-en-vyftigste matriek reünie by Affies bygewoon het, maar toe word sy siek met longontsteking, wat haar in

die Centurion Netcare se hospitaal se Intensiewe Eenheid op 'n ventilator laat beland het. Ook Johanna se rugprobleem en operasies het veroorsaak dat ons nie daardie planne kon uitvoer nie. Maude het ons wel later in Oktober 2018 vir 'n week of wat, na Johanna se eerste rugoperasie besoek, maar dit was nie dieselfde nie. Dinge het nie aan die einde van 2018 vir ons uitgewerk nie ! Ons hoop 2019 gaan beter wees !

Tydens ons verblyf op Outeniquastrand van September 2004 tot Junie 2115 het ons die geleentheid gehad en gebruik om die plaaslike omgewing te verken en ook ’n paar langer toere te onderneem. Omdat almal nie noodwendig in al hierdie kuiers sal belangstel nie, publiseer ek al hierdie toere onder die hofie:
KUIERS EN TOERE TYDENS ONS VERBLYF OP OUTENIQUASTRAND, in die Inhoudsopgawe in die vorm van foto-albums.

Terug na Inhoudsopgawe